WEES LIG. LEEF LIG.

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 16 Februarie 2025
Tema: **Loop, werk en kyk**

Groepleier:
Hulp Groepleier:
Wie hanteer verjaarsdae?
Wie reël datum en plek van jul byeenkomste?
Wie is die kontak persoon met die Stuursel wat jul ondersteun:?

OPENING

Deel met mekaar van 'n geleentheid waar jy iemand anders beny het oor die wyse hoe hul dit regkry om voluit te leef.

Deel met mekaar oor waar oor waar julle dit kon regkry om sedert jul laaste byeenkoms meer by die Here te rus.

Sondag 16 Februarie 2025
Tema: **Loop, werk en kyk**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

In die Boodskap / Message:

Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. ***Walk with me and work with me—watch how I do it.***
Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.
Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

Notas

KOM ONS LEES

1 Johannes 1:5-10 :God is lig

":5 Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. :6 As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. :7 Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy

Sondag 16 Februarie 2025
Tema: **Loop, werk en kyk**

Seun, ons van elke sonde. :8 As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. :9 Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. :10 As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie."

Volgens die woordeboek is een van die betekenisse van die woord "wandel" om rustig te loop of êrens heen te stap. As ek die woord "wandel" hoor, sien ek in my geestesoog twee mense wat gemoedelik saam stap, nie te vinnig nie. Hulle gesels lekker, maar daar is ook gemaklike stiltes.
Nadenke:
Waarheen is jy op pad?
Met wie is jy saam op reis?

Notas

In Genesis lees ons van 'n man met die naam Henog. Henog het 365 jaar oud geword. Ons lees dat hy welbehaaglik was vir God en dat hy God se goedkeuring weggedra het. In Gen. 5:24 lees ons, "Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem."
1 Johannes 1:1 leer ons om soos Henog naby aan God te leef. Hy is Lig. In Hom is daar geen duisternis nie. Watter raad kan ons vir iemand gee wat nader aan God wil leef?

Notas

Sondag 16 Februarie 2025
Tema: **Loop, werk en kyk**

1 Joh. 1:7 sê:

"... as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel
aan dieselfde gemeenskap en
reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde."

VERDERE GESPREK

Om ligter te wees en ligter te leef, vra dat ek :

- **uit die duister bly**
- **van die sondelaste afgooi en ontslae raak**
- **in die waarheid en in die lig van God naby aan Hom leef.**

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg uit Sondag se eredienste op ons kampusse?

Notas

MAAK VAS

God weet dat die duisternis ons keer om voluit te kan leef, my volle potensiaal te bereik en om nader aan God te leef. Dit oorlaai ons met skuldgevoelens, neerslagtigheid, pessimisme, kritiek en louheid.

In Sy groot liefde en ontverming roep Hy ons na Hom toe. “Kom na My toe”. Hy is Lig. Hy verdryf duisternis. Hy gee rus. Hy gee vrede. Hy gee hoop. Hy maak vry.

Gebed
Dankie Jesus, Lig vir die wêreld, dat U na die wêreld gekom het om die duisternis te verdryf en om vir ons die pad te wys wat ons moet stap om voluit te kan leef met ewigheidswaarde.

Amen